T. P. PLANTINGA, *Daar woont Hijzelf*. Bosch en Keuning N.V., Baarn, s.j., 13/6.

In die voorberig, van die hand van die Utrechtse hoogleraar A. H. EDELKOORT, word die skrywer aan ons voorgestel: die konservator van die Bybelse Museum te Amsterdam. In hierdie instelling is allerlei materiaal byeengebring, wat kan dien om aan die leek 'n konkrete beeld te gee van sake en toestande uit die Bybel.

Die middelpunt van die versameling is die grote model wat indertyd op aanwysing en koste van Ds. SCHOUTEN van die tabernakel vervaardig is. By hierdie model word gereeld deur predikante godsdiensoefeninge gehou; ook het egter die heer PLANTINGA jare lank tallose besoekers van die Museum rondgelei, en daarby nie maar net op die uiterlike voorkomste van die tentoongestelde voorwerpe gewys nie, maar ook die prediking van Israel se offerdiens in Christologiese sin vertolk.

Die boek is 'n weergawe van hierdie arbeid. Die skrywer is wel geen akademies opgeleide Outestamentikus nie, maar hy het heel wat werke van vakmanne oor die onderwerp bestudeer; hy ken sy Bybel goed, en word besiel deur die Christelike begeerte om oorals heenwysinge na die Heiland te vind. So gee die boek goeie voorbeelde van Christologiese exegese van die desbetreffende passasies uit Exodus en Levitikus. Ook waar mens met hom van mening verskil, moet erken word dat hy sy opvatting met talent verdedig.

Die illustrasies, fotografieë van voorwerpe in die Bybels museum, kan minder bekoor as die teks: daardie voorwerpe, indertyd op aanwysing van Ds. Schouten vervaardig, dra te seer die stempel van die kunsopvattings van die 19de eeu. Die welgedane en welgeklede dames, wat hier voor engele moet deurgaan, laat mens onwillekeurig glimlag.

Die boek is mooi uitgevoer en fraai gebonde.

A. VAN SELMS.